| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS EAT |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 15 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INFORMASIE

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
| **AFDELING B:** | OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
| **AFDELING C:** | TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees **ALLE** instruksies deeglik deur.
3. Beantwoord **AL** die vrae.
4. Begin elke afdeling op ’n **NUWE** bladsy.
5. Trek ’n lyn ná elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat ’n reël oop ná **ELKE** antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar met ’n blou pen.
10. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A:** | 50 minute |
| **AFDELING B:** | 30 minute |
| **AFDELING C:** | 40 minute |

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

### MO FARAH




1. Mo Farah is ’n Britse atleet wat in 2012 en 2016 Olimpiese medaljes in die 5 000 meter en 10 000 meter verower het. Hy is slegs die tweede atleet in die moderne Olimpiese Spele wat sy titels van 5 000 meter en 10 000 meter suksesvol verdedig het. Lasse Virén was die eerste atleet wat dit kon doen. Alhoewel Farah hoofsaaklik aan die 5 000 en 10 000 meter wedlope deelneem, het hy ook al aan die 1 500 meter en in die marathon deelgeneem. Hy hou ook die rekords vir die Britse binnenshuise 3 000 meter en die twee myl.
2. Farah woon in Londen, Engeland. In Julie 2022 het Farah sy geboorte-identiteit as Husein Abdi Kahin bekend gemaak. Toe hy vier jaar oud was, is sy pa tydens die Isaaq-volksmoord in die Somaliland-vryheidsoorlog dood. Farah en sy tweelingbroer, Hassan, is gestuur om by sy oom in Djiboeti in Somalië te gaan woon. Kort daarna is hy na die Verenigde Koninkryk gebring deur ’n vrou wat hy nie geken het nie. Sy het vir hom gesê om die naam Mohamed Farah te gebruik. Toe hy in Londen aangekom het, is hy gedwing om vir haar en haar gesin te werk en mag hy nie sy familie gekontak het nie.
3. Op die ouderdom van 12 is Farah toegelaat om te begin skool gaan. Hy het gesukkel om aan te pas, want hy kon skaars in Engels kommunikeer. Hy het sy Liggaamlike Opvoeding-onderwyser, Alan Watkinson, in sy vertroue geneem en vir hom van sy slegte

omstandighede by die huis vertel. Mnr. Watkinson het maatskaplike dienste gekontak en gereël dat Farah deur ’n ander gesin in pleegsorg geneem word. Alan het hom later gehelp om aansoek te doen vir Britse burgerskap.

4. As ’n volwassene het Farah kontak gemaak met sy geboortefamilie. Sy ma en twee broers woon steeds op ’n plaas in Somalië.
5. In April 2010 het Farah met sy jarelange vriendin, Tania Nell, in Richmond, Londen getrou.
6. Van 2011 tot 2017 het Farah saam met sy gesin in Portland, Oregon in die VSA gewoon sodat hy voltyds saam met die Nike Oregon-projek kon oefen. Aan die einde van 2017 het hy bande met sy afrigter, Alberto Salazar, verbreek en besluit om terug te gaan Londen toe.
7. Sy verklaring het gesê: “Ek en Tania het besef hoe baie ons dit mis om tyd saam met ons vriende en familie deur te bring en die kinders is ook gelukkiger in Londen. Ons wil hê die kinders moet in die VK grootword. Dit is die regte ding om te doen vir my gesin.”
8. Farah is diep gelowig. “Ek bid gewoonlik voor ’n wedloop. Ek lees Islamitiese gebede, dink aan hoe hard ek gewerk het en gaan net daarvoor. Ek gee my beste. Sukses kom nie oornag nie, jy moet daarvoor werk en in jouself glo.”
9. Farah is ’n aanhanger van Arsenal FC en het saam met sy eerstespan-groep geoefen. Hy wil graag ’n fiksheidsafrigter by die Emirates-stadion in Holloway word wanneer hy uittree.
10. In 2013 het hy ’n boek bekendgestel met die titel: *Mo Farah, Twin Ambitions: My autobiography* in Canary Wharf, Londen.
11. Farah het ’n groot aanhang op sosiale media. Dit sluit in ongeveer 1,5 miljoen volgelinge op Twitter, 1,1 miljoen op Facebook en 1,1 miljoen op Instagram in. In 2013 was hy die mees gesogte sportpersoon (op die soekenjin Microsoft UK Bing) wat nie ’n sokkerspeler is nie.
12. Op 7 Augustus 2017 het hy ’n globale ambassadeur vir Marathon Kids geword. Farah sê oor sy nuwe rol: “Ek is mal daaroor om te hardloop en hardloop het vir my en my gesin soveel gegee. As ’n pa weet ek hoe belangrik dit vir my kinders is om aktief te wees en ek is geëerd om die kans te hê om kinders te inspireer om saam met Marathon Kids te hardloop.”

*[Bron verwerk uit: Google, Wikipedia,e.a. en maroelamedia.co.za,19 Februarie 2023]*

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Vir watter twee items het Mo goue medaljes by die Olimpiese Spele gewen? (2)

1.2 Noem EEN voorbeeld van ’n wedloop waarin Mo presteer het, maar nie ’n Olimpiese medalje gewen het nie. (1)

1.3 Daar het vrede in Somaliland geheers voor Farah se pa dood is.
Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR IS. (1)

1.4 Wat het Mo se ouers hom by geboorte genoem? (1)

1.5 Lees paragraaf 2

1.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die leser kan uit Farah se storie aflei dat dit vir hom (moeilik/maklik) was toe hy die eerste keer in Londen aangekom het. (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.5.1 met TWEE feite. (2)

1.6 Op watter ouderdom is Farah toegelaat om skool toe te gaan ? (1)

1.7 Almal hou nie van skool nie, maar dit is belangrik om skool toe te gaan.

1.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die vak Liggaamlike Opvoeding was (nadelig/voordelig) vir Farah op skool. (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op vraag 1.7.1 met TWEE feite uit die teks. (2)

1.8 Met wie is Mo Farah getroud? (1)

1.9 Waar het Farah gewoon sodat hy voltyds saam met die Nike Oregon-projek kon oefen? (1)

1.10 Aan die einde van 2017 het hy *bande met sy afrigter Alberto Salazar verbreek*. (Paragraaf 6)
Verduidelik die figuurlike betekenis van hierdie uitdrukking. (1)

1.11 Waaruit kan ons aflei dat Farah godsdienstig is? (1)

1.12 Kies ’n beskrywing in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | Mo se motto | A. | Marathon Kids |
| 1.12.2 | Mo se gunsteling-sokkerspan | B. | “Sukses kom nie oornag nie, jy moet daarvoor werk en in jouself glo.” |
| 1.12.3 | Mo is die ambassadeur vir ... | C. | Arsenal FC |
| 1.12.4 | Mo se boek se titel | D. | Manchester FC |
| | | E. | *Twin Ambitions: My autobiography* |

(1x4) (4)

1.13 Op watter soekenjin was Mo in 2013 die gewildste sportpersoon? (1)

1.14 Waarom, dink jy, was dit ’n slim idee van Wikipedia en Maroela Media om Mo Farah se storie aan die publiek bekend te maak? (1)

1.15 “As ’n pa weet ek hoe belangrik dit vir my kinders is om aktief te wees ...” (Paragraaf 12)
Stem jy saam met die stelling dat kinders aktief moet wees? MOTIVEER jou antwoord. (1)

1.16 Waarom is dit goed dat daar ’n foto van Mo Farah by die artikel is? (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die onderstaande spotpent en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**




*[Bron: https://www.google.com/search?q=olimpiese+spele+spotprent&tbm]*

1.17 Die agtergrond van hierdie spotprent is ’n tipiese toneel by die Olimpiese Spele. Gee EEN visuele teken wat hierdie stelling ondersteun. (1)

1.18 Wanneer het die spotprent verskyn? (1)

1.19 Skilpad en Wurm wil hê tannie Ans moet hulle afrig.

1.19.1 Waar kom tannie Ans vandaan? (1)

1.19.2 Hoe weet ons tannie Ans is ’n goeie atleet? (1)

1.19.3 Hoekom wil Skilpad en Wurm hê tannie Ans moet hulle afrig? (1)

1.19.4 Dink jy tannie Ans sal ’n goeie afrigter wees? Gee ’n rede. (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE FEITE oor **SIXTY60** in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die FEITE puntsgewys in jou eie volsinne neer.
3. Nommer die FEITE van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**SIXTY60 in 2019: JOU INKOPIES AFGELEWER IN 60 MINUTE**

1. Checkers het ’n diens bekendgestel wat jou inkopies binne ’n uur ná jou bestelling by jou huis kom aflewer. Dié diens, Sixty60, is deur middel van ’n selfoontoepassing beskikbaar. Die produkte sal dieselfde kos as wat dit in die winkels kos en aflewering kos min.
2. Jy kan dus in die gemak van jou eie huis inkopies doen en binne een uur is dit by jou huis. Volgens ’n verklaring deur Checkers sal gebruikers ook hul bestellings aanlyn kan dophou om te sien hoe die aflewering vorder. “Sixty60 bied groot gemak omdat dit al die harde werk vír jou doen,” sê Neil Schreuder, hoof van innovering en strategie by Shoprite Checkers. “In ons samelewing, waarin tyd so skaars is, is dit soos om tyd vir mense terug te gee as ons inkopies vinnig en op aanvraag by ons klante kan aflewer. Tyd is ons kosbaarste kommoditeit.”
3. Sixty60 se toepassing is maande lank onder Shoprite Checkers se werkers getoets en daarna is dit ook onder die publiek in Kaapstad en Sandton getoets. “Die naam Sixty60 som dié diens se hoofdoel op: Klante bestel hul inkopies binne 60 sekondes en dit word dan by hulle afgelewer binne 60 minute.”
4. Sixty60 was gedurende die toetsperiode in 2019 slegs beskikbaar in Checkers-winkels in Kaapstad (Durbanville, Willowbridge, Okavango Crossing, Rondebosch, Kloofstraat en Seepunt) en Gauteng (Melrose en Bryanston). Vandag is Sixty60 algemeen regoor die land beskikbaar. Die Sixty60-app kan van die Google Play Store asook van die App Store afgelaai word.

*[Verwerk uit: Maroela Media, Eerste in SA: Jou inkopies afgelewer binne 60 min, Nov. 2019]*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**



3.1 In watter jaar is hierdie advertensie geplaas? (1)

3.2 Wie is die adverteerder? (1)

3.3 Op watter TWEE maniere versterk die foto van die twee kinders die inhoud van die advertensie? (2)

3.4 Die leser kan vir die kompetisie inskryf, maar daar is sekere reëls.

3.4.1 Hoeveel lede mag daar in 'n span wees? (1)

3.4.2 Deelnemers moet hulle eie koeke bak om te versier.
Haal EEN feit uit die advertensie aan wat bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.5 Die inskrywingsfooi is (R50).
Skryf die GETAL tussen hakies uit in woorde. (1)

3.6 Hoe laat begin die kompetisie? (1)

3.7 Skryf die onderstaande sin oor in die VERLEDE TYD.
Elke span is verantwoordelik vir hulle versierings. (1)

3.8 Sal hierdie advertensie jou motiveer om tot aksie oor te gaan? MOTIVEER jou antwoord. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS E**

**MEESTER – DANIE CRONJE**




*[Bron uit: http://meester.yolasite.com/strokies.php]*

4.1 Hierdie strokiesprent is ’n tipiese toneel waar ’n onderwyser met ’n leerling raas. Gee EEN visuele teken wat hierdie stelling ondersteun. (1)

4.2 “... het jy 26 keer glad NIKS gedoen nie! (RAAMPIE 2)

4.2.1 Waarom is die woord “niks” in hoofletters geskryf? (1)

4.2.2 Waaruit kan jy aflei dat Meester dink dat Neelsie **lui** is? (2)

4.2.3 Hoe, dink jy, voel Meester? (1)

4.3 Kyk na RAAMPIE 3.

4.3.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.3.1) neer.
Neelsie dink in RAAMPIE 3 dat Meester ... is.

A. redelik

B. onredelik

C. vriendelik

D. onvriendelik (1)

4.3.2 Gee TWEE bewyse dat Neelsie mismoedig (raadop) is. (2)

4.4 Skryf die onderstaande sin oor as 'n ALGEMENE VRAAGSIN.

Neelsie maak altyd verskonings. (1)

4.5 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Neelsie voltooi nooit sy (opdrag) nie. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Die numering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kan voorkom.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**DRAF DIT AF!**



1. Begin die jaar met 5.1.1 (’n/die) nuwe gewoonte.
2. Dit neem net 5.1.2 (21) dae om nuwe gewoontes te vorm.
3. 5.1.3 Dit het ’n domino-effek op jou lewe.
4. Al wat jy moet doen, is 5.1.4 (gee die eerste tree).
5. Maak gebruik van die 5.1.5 (spesiaal) aanbod en begin die jaar 5.1.6 (gesond), fikser en vol energie.
6. Draf dit af is ’n aanlynplatform met ’n 12-week-gewigsverliesprogram wat geskik is vir 5.1.7 (mans) van alle 5.1.8 (ouderdomme) en liggaamstipes.
7. 5.1.9 Die plan kombineer ’n eenvoudige oefenplan en eetplan. Dit lewer fantastiese resultate.
8. Sodra jy inteken, kry jy toegang tot die hele program 5.1.10 (op/in) enige toestel met 5.1.11 (internet + toegang).
9. Begin by Week 1, Dag 1 en volg die plan 5.1.12 (elke dag).
10. Die app is ontwerp vir 5.1.13 (mense wat draf).
11. Nou is jou kans om jou droomlyf te kry!

*[Bron verwerk uit: Sarie, Draf dit af, Jan/Feb 2024]*

5.1.1 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.
Begin die jaar met (’n/die) nuwe gewoonte. (1)

5.1.2 Skryf die GETAL tussen hakies as ’n woord.
Dit neem net (21) dae om om nuwe gewoontes te vorm. (1)

5.1.3 Skryf die onderstaande sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Dit het ’n domino-effek op jou lewe. (2)

5.1.4 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.
Al wat jy moet doen, is (gee die eerste tree). (1)

5.1.5 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.
Maak gebruik van die (spesiaal) aanbod. (1)

5.1.6 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.
Begin die jaar (gesond), fikser en vol energie. (1)

5.1.7 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.
Die program is vir (mans). (1)

5.1.8 Vorm ’n VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.
Mans van alle (ouderdomme) kan deelneem. (1)

5.1.9 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Die plan kombineer ’n eenvoudige oefenplan en eetplan. Dit lewer fantastiese resultate. (daarom) (1)

5.1.10 Kies die korrekte VOORSETSEL uit dié tussen hakies.
Jy kry toegang tot die hele program (op/in) enige toestel. (1)

5.1.11 Vorm ’n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
Enige toestel met (internet + toegang) kan dit oopmaak. (1)

5.1.12 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.
Volg die plan (elke dag). (1)

5.1.13 Vorm ’n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die woord tussen hakies.
Die app is ontwerp vir (mense wat draf). (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**



*[Bron uit: Google images]*

5.2.1 Gee die korrekte AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.
Die Olimpiese Spele word in (Paris) aangebied. (1)

5.2.2 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies en maak 'n sin sodat die betekenis duidelik is.
Die wêreld sien uit daarna dat die Olimpiese Spele (weer) begin. (1)

5.2.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.
Die pawiljoene sal (vol) wees. (1)

5.2.4 Voltooi die VERGELYKING.
Die atleet het soos 'n ... uit die blokke geskiet. (1)

5.2.5 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.
Die Spele gaan in (Augustus) begin. (1)

5.2.6 Hou jy van die Olimpiese Spele? MOTIVEER jou antwoord. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [80]**



© SACAI KOPIEREG